LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 7 / 2017
1 MAART 2017

Geagte ouers en personeel,

Welkom terug na die welkome reses. Sterkte vir die res van die termyn.

PERSONALIA
WILLEM JACOBS
Baie geluk aan Willem en sy vrou Bianca wat hul eersteling verwag. Mag dit ‘n gesonde en geseënde swangerskap wees

AKADEMIE
WISKUNDE WEEK: GRAAD 1 TOT 7
Vir die eerste keer bied die Wiskunde departement ‘n Wiskunde week aan vanaf 6 – 10 Maart.

Die doel van die week is om te fokus op aktiwiteite wat gerig is op:
- Meetkunde
- Probleemoplossing

Leerders gaan in elke graad ‘n taakopdrag ontvang wat handel oor ‘n spesifieke onderwerp. Verdere inligting oor die opdrag sal deur die onderwyser in elke graad aan die leerders gegee word.

SPORT
D17- ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE
Die afgelope week het die D17- byeenkoms by Germiston Stadion plaasgevind.

Ses van Leeuwenhof se atlete is gekies om deel te wees van die D17- span wat die komende naweek aan die Gauteng Kampioenskappe deelneem.

0/10 - Megan Lategan	80m, en 100m in naellope

0/12 – Emile Pretorius 	1200m – Middelafstande
0/12 – PC De Meyer 	Gewigstoot, Diskus
0/13 – Lanae Marais 	75m Hekkies, 200m Hekkies
0/13 – Clarissa le Roux 	Gewigstoot, Diskus

0/13 – Celia Janse van Rensburg	75m Hekkies, Gewistoot, Diskus

Baie geluk met die pragtige prestasies!

RUGBY

- Die rugbykamp vir 0/9, 0/10 en 0/11 rugbyspanne vind eerskomende naweek, 3 en 4 Maart by Queens High School plaas. Meer inligting volg later in die week
- Die 1 ste rugbyspan neem eerskomende naweek aan die St. Benedicts toernooi deel.

Baie sterkte aan al die afrigters en spelers

NETBAL

Ons afrigters sien baie daarna uit om die 0/10 tot 0/12, asook 0/13 B netbaldogters wat gekies is vir die oefengroep, na Camp Discovery te neem van 3 – 5 Maart. Ons glo dat dit ‘n baie aangename en leersame kliniek sal wees wat regtig ‘n positiewe verskil sal maak! Die dogters sal by oefening hul finale brief ontvang, rakende die kamp.

Die proewe is afgehandel en netbaloefeninge vir dogters van 0/10 tot 0/13, wat gekies is vir oefengroep, vind hierdie Woensdag en Donderdag plaas op Leeupark. Die busse vertrek om 14:00 en sal weer terug wees om 15:40 by die skool.

WELPIERUGBY- EN NETBAL: 0/7 TOT 0/9

Die Welpierugby vir 0/7 en 0/8 begin op 7 Maart en oefen op Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00.

Die Welpienetbal begin die 8 ste Maart en oefen op Woensdae en Donderdae:

- 0/7 oefen by die Laerskool se netbalbaan vanaf 14:00 tot 15:00
- 0/8 oefen by Leeupark vanaf 14:00 tot 15:30. Speelsters word met die skool se busse heen en weer vervoer
- 0/9 begin met oefeninge op 7 Maart en sal op Dinsdae, Woesdae en Donderdae by Leeupark vanaf 14:00 tot 15:30 oefen. Speelsters word met die skool se busse heen en weer vervoer. Ons 0/ 9 netbalspanne neem aan toernooie op sekere Vrydae deel wat deur verskeie skole aangebied word. Meer inligting volg nader aan die wedstryde.

SKAAK: GRAAD 1 TOT 3

Die Skaak akademie se lesse vir alle nuwe beginner skaakmaatjies vind plaas op Dinsdae oggende 08:00 - 08:35 in Anita Jonck se klaskamer.

Die maatjies wat verlede jaar by Hendrik van Tonder skaak gedoen het en wat daarmee voortgaan, se lesse vind plaas op Maandae middae 13:15 – 13:50 in Mariska Krugel se klaskamer. Die Juniorkoor kry egter voorkeur bo die skaak.

Indien daar enige ouer is wat nog belangstel om u kind by die Skaak akademie in te skryf, kan u gerus vir Hendrik kontak by 082 339 6571.

KULTUUR

REDENAARS: GRAAD 1 TOT 7

Baie geluk aan ons redenaars wat pragtig presteer het tydens ons Interne redenaarskompetisie. Aangeheg aan hierdie nuusbrief is die uitslae

KOOROPTREDE TYDENS PERSONEELSIMPOSIUM

Leeuwenhof se Seniorkoor het Woensdag, 22 Februarie, opgetree by die simposium van die drie skole. Ons koorlede het pragtig gesing . Ons dogters het spoggerig gelyk in hulle nuwe haarbandjies wat deur Luané Loggenberg se mamma gemaak en aan die koor geskenk is. Baie dankie! Ons dank ook aan ons ouers wat spesiale reëlings moes tref om hul kinders te kom afhaal.

TOESIGKLASSE NA SKOOL

Ons leerders wat die busse gebruik om huis toe te gaan en leerders wie se ouers hulle eers om 16:00 by die skool kom haal, moet onder toesig in klasse wees ten alle tye. Hierdie reëling is daar om ons leerders se veiligheid te verseker.

Ons vra dat ouers die volgende met ons leerders sal bespreek by die huis:

- Klok lui 13:50 vir einde van skooldag
- Leerders wat by aktiwiteite betrokke is meld aan by hul afrigters
- Om 14:15 tree graad 2 tot 7 leerders, wat nie betrokke is by aktiwiteite nie aan in die vierkant vir toesig. Geen leerder mag sonder toesig op die terrein wees nie.
- Die toesigklasse word deur ons onderwyspersoneel gedoen en hulp word met huiswerk aangebied waar nodig
- Graad 1 leerders speel bo by hul speelpark en is op toesig in een van die graad een personeel se klasse. Vanaf 15:00 speel graad eens weer by hul speelpark
- Om 15:45 eindig toesigklasse en tree gr. 1 tot 7 leerders in die vierkant aan. Personeel verdaag leerders na Voorskool, busse en leerders wat voor die saal vir ouers wag
- Ouers wat hul kinders voor 15:45 kom haal, moet leerders persoonlik by toesigklasse gaan afhaal om al ons leerders se veiligheid te verseker

Vir enige navrae kontak me. Tersia Byleveldt by tersia@leeuwenhof.co.za

KASKARPROJEK: GRAAD 1 TOT 7

Dankie aan ouers wat alreeds pragtig bygedra het tot die projek. Ons het groot waardering daarvoor. Onthou ons projek sluit die 10de Maart om 09:00. Pryswenners

word bepaal volgens getalle voor of op die 10de Maart. Ons doelwit is R340 000,00 hierdie jaar en ons wil graag die tegnologie verder uitbrei, kleedkamers en Leeupark se netbal –en tennisbane opgradeer. Ons maak baie staat op ons ouers se positiewe ondersteuning van die projek

LEERDERS WAT DIE MEESTE GELD INGESAMEL HET KWALIFISEER VIR DIE VOLGENDE PRYS:

- 1ste plek – R1700
- 2de plek – R1400
- 3de plek – R1200
- 4de plek – R1000
- 5de plek – R800

DIE KLAS WAT DIE MEESTE GELD INGESAMEL HET KWALIFISEER VIR DIE VOLGENDE PRYS:

- Wen ‘n filmvertoning in skooltyd.

OPEDAG: GRAAD 1 TOT 12

Ons Opedag vind saam met die Hoërskool plaas op 10 Maart om 15:00. Sien aangeheg die advertensie wat ons ouers en personeel aan belangstellende familie en vriende kan stuur. Ons maak staat op elkeen se positiewe bemarking van ons pragtige skool. Hoe voller die skool, hoe minder is die jaarlikse verhoging in skoolfooie

CLICK 2 CHOW

Hierdie is ‘n maklike manier vir ouers om elektronies kos by ons eie snoepie te bestel.

Die eerste 100 bestellings kom in aanmerking vir ‘n prystrekking om R500 kontant te wen.

Click2Chow is ‘n aanlyn bestelblad wat dit nou makliker is vir die kinders om nie in ‘n n ry te staan gedurende pouse nie of as hul hul kos by die huis vergeet het.

Sien hier onder die click2chow skakel wat ouers direk na die snoepie se restaurant en snoepiespyskaart toe neem. Wanneer daar ‘n kosbestelling geplaas word moet ouers duidelik aandui in die "comment" gedeelte wat die onderwyser óf leerder se naam en van is asook die klaskamer, sodat wanneer die leerder die bestelling kom afhaal by die snoepie weet hul presies vir wie dit is.

Ek glo hierdie kontantlose sisteem gaan dinge baie makliker maak vir die ouers, leerders en onderwysers.

Hierdie is die skakel wat gebruik moet word: https://www.click2chow.co.za/leeuwenhof-akademie/

EKSPERI-MAATJIES

Sien aangehegte inligting.

UITREIKAKSIE 2016: SKRYFBEHOEFTES

Ons het verlede jaar skryfbehoeftes ingesamel vir Galway Primary in Germiston. Dankie aan elke ouer en kind wat pragtig ondersteun en bygedra het. Ons het groot waardering. Ons projekleier was Dante Stapelberg wat verlede jaar in gr. 7 was. Ons is baie trots op haar omdat sy met hierdie inisiatief vorendag gekom en die projek gedryf het.

Aangeheg is foto's van die oorhandiging:

ONWELKOME GASTE

Van tyd tot tyd kuier daar onwelkome gaste in kinders se hare. Aangeheg aan hierdie nuusbrief is daar 'n oulike artikel wat raad gee oor die hantering van hierdie onwelkome gaste

BUITESKOOL PRESTASIES

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
3	Amber Basson 	• 18de by die Gauteng uitdunne gekwalifiseer het vir SA"s in drama. Baie geluk!
6	Armand van Heerden 	• Hy verower brons by die Wits Universiteit Gauteng Regional Ranking se Judo kampioenskappe. Baie geluk!

BELANGRIKE DATUMS

2 Maart	Rugby –en netbaloefeninge
3 Maart	**WISKUNDE TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7** Gauteng atletiekkampioenskappe Rugby –en netbalkampe begin
4 Maart	Gauteng atletiekkampioenskappe Rugby –en netbalkampe
6 Maart	Wiskunde week Netbal aandreeks vir 0/13A
7 Maart	Akademiese ondersteuning 07:30 Welpie rugby oefening begin
8 Maart	Rugby vs Louw Geldenhuys: o/9 tot o/13 Mini-netbal oefening begin
9 Maart	WIJ

10 Maart	Opedag
11 Maart	Rugby, netbal en skaak vs Trinity House: Rugby – 0/9 tot 0/13 Netbal – 0/10 tot 0/13 Skaak
13 Maart	ATKV Spelathon Netbal aandreeks vir o/13 A
14 Maart	Akademiese ondersteuning 07:30
15 Maart	Rugby en –netbal vs L/s Fontainebleau Rugby: o/9 tot o/13 Netbal: o/10 tot o/13
16 Maart	Rugby –en netbaltoervergadering vir eerstespanne
17 Maart	**GS TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**
20 Maart	Skoolvakansiedag
21 Maart	Menseregtedag(Skool gesluit)
23 Maart	WIJ Tafelolimpiade Kapteinsaand vir rugby en netbal: 0/9 tot 0/13
24 Maart	**SAKESTUDIES TERMYNTOETS: GR. 7**

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr C Pretorius	clemens@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL